**11 Januarie** **Skrifgedeelte: Matteus 3:13-17**

**Fokusgedeelte: Matteus: 3:15-17**

**Jesus se doop lei sy openbare optrede in**

Dit moet 'n baie besondere gebeurtenis in die lewe van Johannes die Doper gewees het toe hy Jesus gedoop het! Dink jou in as dit vir jou beskore was! Johannes het homself onwaardig vir hierdie grootse opdrag gevoel. Tog het hy dit gedoen nadat Jesus hom daarop gewys het (vs 15) dat "op hierdie manier moet ons aan die wil van God voldoen."

Waarom was dit reg dat Jesus gedoop word? Omdat (i) Hy daardeur aan die wil van God, sy Vader, wou voldoen; (ii) Hy Hom as Seun van God deur sy doop vereenselwig het met gewone sondaarmense; (iii) dit die begin van sy openbare bediening moes aandui. Dit is opmerklik dat Matteus sy evangelie so inklee dat direk na die doop van Jesus as die Christus, die hel as 't ware losgebars het en Satan in opstand gekom het met sy versoekinge van Jesus in die woestyn (vgl. Matt 4:1-11).

Met die doop van Jesus is die Drie-eenheid van God as Vader, Seun en Heilige Gees geopenbaar: Die Seun is in die water en word gedoop in die persoon van Jesus; die Heilige Gees het soos 'n duif op Hom neergedaal (vs 16). Daar was ook 'n stem uit die hemel wat gesê het (vs 17): "Dit is my geliefde Seun. Oor Hom verheug Ek My." Dit is duidelik dat Matteus daardeur aan die leser te kenne wil gee dat God self hier vir Jesus as sy Seun erken. Tegelyk kom die Gees van God soos 'n duif op Jesus, wat die leser herinner aan Jesaja 42:1: "Ek laat my Gees op hom kom." Hierdie toerusting van Jesus met die Heilige Gees dui die begin van sy openbare optrede aan. Dit was so ongeveer drie jaar voor sy kruisiging.

*Sing: Skrifberyming 14-1:1, 2* *Dr. Pieter Bingle (Kaapstad)*